

# Pasop vir MIV-tuistoetse

**ANTOINETTE PIENAAR**

RETORIA. - Die Nasionale Patologiegroep (NPG) het mense gister teen MIV-tuistoetse gewaarsku nadat 'n Kaapse student verkeerdelik MIV-positief getoets is met een van dié toetse.

Die NPG, wat deel van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (SAMV) is, het gesê baie van dié produkte word van buite in die wêreld na Suid-Afrika ingevoer.

Geen gehaltebeheer of standaard word gebruik vir die invoer daarvan gestel nie.

Die NPG het in 'n mediaverklaring gesê daar is verskillende MIV-virusstamme in die wêreld heen. Dit is nie eens duidelik of die toetse ontwerp is vir die stamme wat hoofsaaklik in Suid-Afrika voorkom nie.

Die patoloë meen angsk en spanning kan veroorsaak dat 'n persoon nie die aanwysings behoorlik volg as dit by die huis gedoen word nie.

In Suid-Afrika moet mense ingeligte toestemming gee vir MIV-toetsing in 'n hospitaal. Dit moet met berading voor en ná die tyd gepaardgaan.

Die NPG se waarskuwing kom ná 'n berig oor 'n 22-jarige student van Kaapstad wat 'n tuistoets by 'n apteek gekoop het sonder dat sy berading ontvang het.

Sy het MIV-positief getoets en was erg geskok.

'n Tweede toets by 'n private hospitaal het getoon sy is MIV-negatief.

Navorsers in Singapoer het verlede jaar gesê een van hul studies het getoon meer as die helfte van toetsresultate was ongeldig toe deelnemers self MIV-tuis-

toetse gedoen het.

Nadat opgeleide gesondheidsbeamptes die toetse oorgedoen het, was die resultate geldig. Dit het betref 'n van die pasiënte het nie al die toetse gedoen toe hulle self die toetse gedoen het.

Die verspreiding van MIV-tuistoets is twee jaar gelede bekendgemaak nadat die departement van Gesondheid die SAMV en die destydse Farma-seutiese Vereniging daarteen beswaer aanhang het.

Die departement het reeds mense teen tuistoetse vir MIV-tuistoets gewaarsku. Die departement is onseker dat oningeligtes, wat nie oorgedoen word tydens 'n periode vir MIV-bespeuring van die toets dink hulle kan 'n tuistoets doen sonder kennisgelykend ná onveilige seks.